OPENBARING 2

Inleiding

Ons sou die gedeelte van Hoofstuk 2:1 tot Hoofstuk 3:22 die volgende opskrif kon gee: ***Die Here se sewe briewe aan die sewe gemeentes.***

Johannes skryf dat die Here die briewe een vir een aan hom voorgesê het. So moet ons dit aanvaar. In die jongste tyd is daar allerhande kritiek op hierdie gedeeltes wat die volgende insluit:

- Die briewe is nie later, met ander woorde nadat die boek Openbaring klaar geskryf was, bygevoeg nie.
- Johannes het ook nie die dinge waarvan hy skryf ten opsigte van die sewe gemeentes self uitgedink nie.
- Dit is ook nie waar dat elke brief 'n bepaalde tydvak in die kerkgeskiedenis afbaken nie.
- Die Here het elke gemeente se toestand en al die dinge wat elke gemeente raak, aan Johannes geopenbaar.

Dit is verseker so dat dit net 'n ware gelowige kan wees wat die hele boek Openbaring – die briewe aan die sewe gemeentes ingesluit – sal kan lees en verstaan as die openbaring van God Drie-Enig aan sy kerk.

- *Die Here het 'n brief geskryf aan elke gemeente in Klein Asië.*
- *Elke brief is voorafgegaan deur 'n deeglike ondersoek of die gemeentes elkeen – soos hy is – waarlik kerk is.*
- *Die Here self het die kerke elkeen gaan toets om te sien of die kerke maar net na die buitekant toe 'n pragtige vertoon van godsdiensbeoefening voorhou, en of die lidmate die Here nog werklik en van harte ken.*

Ten opsigte van die briewe kan die volgende opgemerk word:

- Die briewe word elkeen vir 'n bepaalde gemeente geskryf.
- Elke keer word duidelik gestel dat dit die Heilige Gees is wat met die gemeente praat.

  Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.
  (Openbaring 2:7 AFR1953)

  Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.
  (Openbaring 2:11 AFR1953)

  Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.
  (Openbaring 2:17 AFR1953)
- Tog is dit ook so dat elke brief waar is van al die gemeentes – dus ook tydloos waar is van elke kerk in die geskiedenis tot met die wederkoms. Die toestande wat in elkeen van die sewe gemeentes beskryf word, kom tot vandag toe voor in elke kerk van die Here.
- Daarom is die briewe aan al die gemeentes gestuur – omdat almal gelyklik deel in God se genade (en vermaning).

In die kerke van die Here is daar iets waar van die gelykenis van die tien maagde van wie vyf verstandig was en vyf dwaas. (Vergelyk Matteus 25:1-13).

- In elke kerk is daar wysheid en dwaasheid.
- Net so is daar kerke wat in die geheel meer verstandig of meer dwaas is as ander.

- Daarom is die sewe briewe geldend van elke kerk op die aarde.

Die briewe word in twee hoofgroepe verdeel:

- Die eerste drie briewe eindig met ’n *belofte* wat gevolg word deur die *vermaning* dat hulle vir die Heilige Gees moet luister!

  Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is. (Openbaring 2:7 AFR1953)

  Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.
  (Openbaring 2:11 AFR1953)

  Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee ’n wit keursteen, en op dié steen ’n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang. (Openbaring 2:17 AFR1953)

- Die tweede stel (vier briewe) het weer elke keer eers ’n bepaalde *belofte*:

  En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met ’n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee. (Openbaring 2:26-28 AFR1953)

  Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. (Openbaring 3:5 AFR1953)

  Wie oorwin, Ek sal hom ’n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. (Openbaring 3:12 AFR1953)

  Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.
  (Openbaring 3:21 AFR1953)

  Hierdie *belofte* word dan gevolg deur die *vermaning* (opwekking) dat hulle na die Heilige Gees moet luister:

  Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
  (Openbaring 2:29 AFR1953)

  Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
  (Openbaring 3:6 AFR1953)

  Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
  (Openbaring 3:13 AFR1953)

  Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.
  (Openbaring 3:22 AFR1953)

Al die briewe is volgens dieselfde patroon geskryf. By die laaste vier ruil die twee slot-elemente net om:

Die eerste drie briewe

- Die adres
- Die selfbenoeming van die Here
- Dit wat die Here oor/vir elke gemeente te sê het
- Die vermaning om te luister
- ’n Belofte

Die laaste vier briewe:

- Die adres
- Die selfbenoeming van die Here
- Dit wat die Here oor/vir elke gemeente te sê het
- ’n Belofte
- Die vermaning om te luister

NB:
Elke keer wanneer die Here Homself openbaar/bekendstel aan ’n gemeente, doen Hy dit deur een van die dinge wat Hy van Homself geopenbaar het toe Hy aan Johannes verskyn het, te noem.

Vergelyk byvoorbeeld die volgende voorbeelde:

> **En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het:** (Openbaring 2:8 AFR1953)

teenoor:

> **En toe ek Hom sien, val ek soos ’n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste** (Openbaring 1:17 AFR1953)

Net so die volgende twee gedeeltes:

> **En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:** (Openbaring 3:14 AFR1953)

teenoor

> **. . . en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed** (Openbaring 1:5 AFR1953)

Wanneer ons kyk na die res van die inhoud van die briewe, is dit opvallend dat die Here altyd só skryf:

1. Eerste prys Hy die goeie dinge wat by enige gemeente voorkom.
2. Daarna spreek die Here die verkeerde dinge aan.
3. Daarna volg daar ’n opwekking of vermaning tot bekering
4. Daarna ’n belofte gekoppel aan die aansporing om te luister na die Heilige Gees wat praat! (soms eers die opwekking en dan die belofte – ander kere eers die beloftes en dan die opwekking om te luister).

Wat elke afsonderlike gemeente betref die volgende:

Efese – geprys en vermaan:

- Vermaan omdat daar ’n verkoeling in liefde, veragtering en verslapping in die geloof was; hulle moet wakker word.

Smirna – niks om die gemeente oor aan te spreek nie.

- Hulle word geestelik verdruk deur die Joodse elemente onder hulle.

Pergamus – geprys en vermaan:

- Vermaan omdat hulle mense in die gemeente verdra wat verwêrelds en daarom ook afgodery en hoerery beoefen terwyl hulle die Here aanbid.

Thiatire – geprys en vermaan

- Vermaan omdat hulle mense in die gemeente verdra wat verwêrelds en daarom ook afgodery en hoerery beoefen terwyl hulle die Here aanbid.

Sardis – niks om die gemeente oor te prys nie.

- Vermaan omdat hulle die naam dra dat hulle lewe, maar in wese is hulle verlore (dood).
- Daar moet algehele bekering kom!

Filadelfia – geen vermaning

- Hulle word geestelik verdruk deur die Joodse elemente onder hulle.

Laodisea– niks om die gemeente oor te prys nie

- Hulle is vermaan omdat hulle hulle verbeel (snobs is!) terwyl hulle geestelik onaandoenlik en selfs weersinwekkend is.
- As hulle hulle nie gaan laat reghelp nie, gaan die Here hulle uitspoeg!